



Waar ons graadkry in die fakulteit  
**INGENIEURSWESE**  
klaarkry

Innovasie deur diversiteit



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
**POTCHEFSTROOMKAMPUS**

# VRYWARING

## Inhoud

Die studietoelating en die minimum toelatingsvereistes in hierdie gids is onderhewig aan verandering en is slegs 'n opsomming van die algemeenste studierigtings en -vereistes. Hierdie inligting is met die oog op algemene bekendstelling en oriëntering opgestel en die Noordwes-Universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir wysigings wat mag plaasvind nie. Die amptelike Jaarboek van die Universiteit moet in alle gevalle by die samestelling van 'n program van die spesifieke studierigting geraadpleeg word.

## Toelating

Neem asseblief kennis dat nie alle aansoekers tot 'n bepaalde studierigting aanvaar word nie al sou hulle aan die minimum-vereistes van 'n kursus voldoen. Die rede is dat die Universiteit beperkte kursus- en koshuisplekke het en dat die meeste aansoekers aan 'n keuringsproses (gebaseer o.a. op jou skoolpunte) onderhewig is. Dieselfde geld vir aansoeke om koshuisverblyf.

## Koshuisverblyf

Studente wat nie in kampuskoshuise woon nie (en dus van private verblyf gebruik maak), word in die studentelewe geïnkorporeer d.m.v. "dorpskoshuise". Hulle het 'n volledige huiskomitee (HK) en koshuiseiers, kan in eetsale eet en neem in koshuisverband aan die georganiseerde studentelewe deel. Die meeste studente maak van sodanige verblyf gebruik en daar is 'n groot aanbod van akkommodasie binne loopafstand van die kampus.



# INHOUDSOPGAWE

Die kampus in 'n neutedop.....	3
Stop! Studentepret op sy heel beste! .....	5
Koshuislewe.....	6
Beurse en studielenings .....	7
Betaalbare gelde.....	8
Studentevoorigtingsdiens.....	12
Algemene navrae.....	12
Toelatingsvereistes .....	13
Bepaling van die APS-telling.....	14
Studietoelating .....	16

© 2009 NWU. Saamgestel deur die Departement Bemaking en Kommunikasie in samewerking met die agt (8) fakulteite en die Toelatingskantoor op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU).



## DIE KAMPUS in 'n neutedop

### Welkom by die NWU-Potchefstroomkampus!

Hierdie is jou gids tot beroepsgerigte opleiding en 'n internasionale kwalifikasie: NWU-Pukke, waar ons graadkry met lekkerkry klaarkry! Die Noordwes-Universiteit is 'n eg Suid-Afrikaanse universiteit met drie kampusse in onderskeidelik Potchefstroom, Vanderbijlpark en Mafikeng. Jy kan op enige van dié drie kampusse studeer. Hierdie gids handel oor studierigtings by die NWU-Potchefstroomkampus. As jy studieinligting oor enige van die ander kampusse verlang, maak asseblief gebruik van die kontakinligting onder Algemene navrae op bl.12.

### Hoekom die NWU-Potchefstroomkampus?

- Hoë akademiese standaarde en internasionale kwaliteit;
- Waardegedrewe met ruimte vir die uitleef van Christelike beginsels;
- Beroepsgerigte opleiding vir jou loopbaan;
- Studie en studentelee in Afrikaans;
- 'n Veilige en stabiele kampus; en
- 'n Studentelewe wat skrik vir niks!

### Internasionale standaarde

By die NWU-Potchefstroomkampus is ons vurig oor kwaliteit – internasionale kwaliteit! Om dit te verseker, word die Universiteit se navorsing en nagraadse opleiding voortdurend aan 'n internasionale evaluering onderwerp.

Die jongste verslag oor so 'n evaluering sê:

*“Based on the findings during the visit to the University, all review teams have become impressed by the quality assurance system developed by the University. In a few years the University acquired mastership in this field.”*

*“The University can be proud of its performance and has set standards for the country as a whole. From an international perspective the approach and procedures used are fully state of the art.”*



Navorsing wys dat 85% van NWU-Pukstudente binne drie maande nadat hulle afgestudeer het, werk kry.

### Die universiteit is:

- Die universiteit wat die meeste doen vir veeltaligheid en nasiebou.  
\* Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 2008
- Die bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika.  
\* PricewaterhouseCoopers, 2007, 2008
- Die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika.  
\* Innovasiefonds van die Departement Wetenskap en Tegnologie, 2008.

### Beroepsgerigte opleiding

Gehalte is die sleutel tot jou beroepsgerigte graad. Dit word vergestalt in die feit dat:

- Die NWU onder die drie top universiteite is wat navorsing met die privaatsektor onderneem (THRIP-verslag 2006/2007);
- 95% van NWU-Pukstudente binne 'n jaar nadat hul afgestudeer het, werk kry; en
- 80% van alle werkgewers aandui dat ons opleiding jou goed voorberei op die eise en roetines van die werkplek. (Werksverkyngnavorsing: Potchefstroomkampus 2009).

### Besondere studentelewes

Naas 'n beroepsgerigte graad, waarborg ons jou ook 'n unieke studentelewes en dinamiese studentekorps in 'n moderne stad met die beste sport-, kultuur- en ontspanningsgeriewe: Lang eikelanings en luilekker kuierplekke, groot gees en selfs groter geeste.

### Waardegedrewe maak ons 'n verskil

Die Noordwes-Universiteit is 'n waardegedrewe instelling wat verdraagsaamheid en respek vir alle perspektiewe en geloofstelsels bevorder om sodoende 'n gepaste omgewing vir leeronderrig, navorsing en gemeenskapsdiens te bevorder. Op die NWU-Potchefstroomkampus het dosente en studente ruimte om 'n Christelike perspektief op wetenskapsbeoefening te hê. Dit vorm die grondslag waarvolgens 98% van werkgewers in 'n navorsingsverslag die integriteit en etiese optredes van ons afgestudeerde studente in die werkplek as goed tot baie goed geëvalueer het.

### Afrikaans: 'n Funksionele taalplan

Die Noordwes-Universiteit het 'n taalbeleid wat buigsaam, funksioneel en meertalig is. Hierdie beleid bevorder toeganklikheid, integrasie en 'n "gevoel van tuiswees". Elke kampus het 'n taalplan wat die taalbehoefte van studente en die taalwerklikheid op grondvlak in ag neem.

Aangesien ongeveer 90% van die studente op die Potchefstroomkampus Afrikaanssprekend is, is die onderrig- en omgangstaal op die kampus Afrikaans. Alhoewel die dagprogram vir voltydse studie op die Potchefstroomkampus in Afrikaans is, is daar hulp vir nie-moedertaalsprekers van Afrikaans. Studente mag met toestemming enige toets of eksamen in Engels aflê, werksopdragte in Engels uitvoer en gedurende lesings vrae in Engels stel.

In sekere studierigtings (**Maatskaplike Werk, Voeding, Sosiale en Politieke Wetenskap, Ingenieurswese, Aptekerswese, honneurs in Teologie, Regte, Verpleegkunde, Sosiale en Politieke Wetenskap, BCom-grade in Ekonomie en Internasionale Handel, Mensehulp-bronbestuur en Geotrooieerde Rekenmeesterskap, BSc Aktuarieel en BEd Grondslagfase**) op voorgraadse vlak, kan studente klas loop in Engels deur middel van simultane tolking.

### Ondersteuning

Die NWU-Puk bedryf 'n voogstelsel van akademiese ondersteuning en leiding aan studente. Die stelsel lei daartoe dat:

- 'n Slaagsyfer van 90% gehandhaaf word in finalejaarstudie;
- Die NWU-Pukkampus die tweede hoogste deurvloei-syfer het van alle universiteite in Suid-Afrika (voltooiing van graad in minimum-tydperk);
- Die NWU 'n voorgraadse slaagkoers van 81,2% handhaaf; en
- Studente 'n rekenaarprogram, eFundi, gebruik waarmee akademiese ondersteuning ontvang word, met dosente gekommunikeer word en werkopdragte ingehandig word.

## STUDENTEPRET op sy heel beste...

**STOP! Jy hoef nie verder te soek nie.**

Die Potchefstroomkampus se op-en-wakker studente lewe het GEEN gelyke in die land nie. Ons het nie studente lewe uitgedink nie, maar dit wel vervolmaak!

... en as dit jou nie oortuig het nie: Wie en wat is die President van Tarentaal, Kliploog, Calvynfontein, 'n door en die dorelied, groot brêg, O&B en die Big Prims? As jy meer wil uitvind, is die NWU-Pukkampus net die plek vir jou. En o ja, moenie vergeet van Jool, Intervarsity en Aardklop nie. Studentepret op sy heel beste!

**Maar wat maak die Potchefstroomkampus se unieke studentegees en studente lewe so besonder?**

- 'n Lewendige, interaktiewe koshuislewe (kampus- en dorpskoshuise) vorm as't ware die hart van die studente lewe;
- 'n Veilige en stabiele kampus in 'n moderne studentestad;
- Morele ondersteuning in krisistye deur jou koshuis en medeinwoners is ongekend – hier word jy deel van die NWU-Pukfamilie;
- Ons glo aan waar ons graadkry met lekkerkry in Afrikaans klaarkry;
- Die beste sportgeriewe en -fasiliteite met 'n hokkie-akademie en 'n rugby-instituut;
- Die NWU-Pukkampus is dié kuns- en kultuurmekka met 'n verskeidenheid uitstekende fasiliteite, kore, orkeste, ander groepe en aktiwiteite wat elke smaak kan bevredig;
- Verder word jy as totale mens gevorm deur die eerstejaars-konsert, kampustalentfees, blokskilder, kultuurtoer, sêr-kompetisies en nog vele meer;
- Om 'n NWU-Puk te wees is om 'n Puk te groet – hier is jy nie net 'n studentenommer nie. Ons ken mekaar op die naam; en
- Lekker kuierplekke en ontspanningsgeriewe waar almal mekaar ken en lewenslange vriende word...



**70% van die NWU-Puk se studente ry by drie ander kampusse verby om in Potchefstroom te studeer.**

## KOSHUISLEWE

Die Potchefstroomkampus se op-en-wakker studentelewe draai om sy aktiewe koshuislewe met sy lewendige interkoshuiskompetisies. Alle studente neem hieraan deel ongeag of hulle in kampuskoshuise bly of privaat woon en in “dorpskoshuise” georganiseer is.

### Wat maak ons kampuskoshuise verder uniek?

- Dit is binne loopafstand van akademiese en administratiewe geboue en sportfasiliteite geleë;
- Veiligheid geniet hoë prioriteit – veral by die dameskoshuise waar ’n streng stelsel van elektroniese toegangsbeheer toegepas word;
- Elke koshuis het ’n koshuisbestuur wat bestaan uit ’n huisvader/-moeder en ’n huiskomitee; en
- Ander geriewe: e-pos, internet, telefone, eie geriewe om koffie en tee te maak, was- en strykkamers met outomatiese wasmasjiene en tuimeldroërs, kombuisies, televisiekamers, sitkamers, ontspannings- en rekenaarlokale.

### Dorpskoshuise

Studente wat nie in kampuskoshuise woon nie, maar in kamers, woonstelle, buitehuise of by hul ouerhuise, neem aan die georganiseerde studentelewe deel deur lid te word van een van die “dorpskoshuise”. Dorpskoshuise funksioneer net soos kampuskoshuise en word op dieselfde manier georganiseer as kampuskoshuise.

Studente in dorpskoshuise is ten volle deel van die kampus. Alle geriewe is tot hul beskikking en hulle deel eetsale en die Klipoog Kafeteria saam met ander koshuisinwoners. Dorpskoshuise kompeteer gelykwaardig op alle terreine en van hierdie dorpskoshuise is gereeld weners van die kultuur-, sport- en akademiese trofee.



**Navorsing bewys dat 90% van studente van die NWU-Puk effektief leiding kan neem in die werkplek.**



## Keuringsmodel

Aanzoekers word aangemoedig om voor of op 30 Junie aansoek te doen om koshuisplasing in 'n kampuskoshuis. Keuring vind in Julie plaas, waarna merietegevalle deur 'n spesiale keuringskomitee oorweeg sal word. Alle plasinge word op grond van meriete en beskikbaarheid van koshuisplek gedoen. (Keuringspunt: 70% akademie en 30% deelname aan kultuur, sport en/of leierskap.)

## BEURSE en studieleninge

### Nuveling Akademiese Beurse

Dié beurse word outomaties (jy hoef nie daarvoor aansoek te doen nie) aan alle voltydse eerstejaarstudente toegeken wat:

- Na graad 12 vir die eerste keer aan die universiteit vir 'n eerste graad inskryf;
- 'n Gemiddelde persentasie van 75% of hoër gedurende die graad 12-eindeksamen behaal het.
- Die beurs word toegeken op grond van die rekenkundige gemiddeld van die persentasies van die student se ses beste vakke, Lewensoriëntering uitgesluit. Die persentasie behaal in nie-aangewese vakke word egter met 10% verminder in berekening van merietebeurse. Die punte word nie afgerond nie.

Student se gemiddelde berekende %

Merietebeurs

90%

110% korting van klasgeld

85%

100% korting van klasgeld

80%

75% korting van klasgeld

75%

40% korting van klasgeld

### Leierskap en kultuurbeurs

Beurse word ook toegeken aan hoofleiers, Presidentsverkenner- en Springboktoekennings, Hoofleierswagtoekennings, RRB Debatskompetisie, ATKV Redenaarskompetisie en kuns- en kultuurprestasies. Vir meer inligting skakel vir Ronel Vorster by 018 299 4245 of e-pos [ronel.vorster@nwu.ac.za](mailto:ronel.vorster@nwu.ac.za)

### Ondersteuningsbeurse

Fisies gestremde studente, gesinsbeurse vir meer as een student, weeskinders en reisbeurse (wat ver van die kampus woon) kwalifiseer ook vir beurse. Vir meer inligting skakel vir Ronel Vorster by 018 299 4245 of e-pos [ronel.vorster@nwu.ac.za](mailto:ronel.vorster@nwu.ac.za)

### Sportbeurse

Vir 'n beurs by die NWU-Puk Rugbyinstituut, skakel vir Ronel Emms 018 299 2429 of e-pos [ronel.emms@nwu.ac.za](mailto:ronel.emms@nwu.ac.za). Vir ander sportbeurse, skakel vir Joey du Pisani 018 299 2905 of e-pos [joey.dupisanie@nwu.ac.za](mailto:joey.dupisanie@nwu.ac.za)

### Oudstudente-leningfonds

Skakel Leona Cain by 018 299 2764 of e-pos [leona.cain@nwu.ac.za](mailto:leona.cain@nwu.ac.za)

### NSFAS Beurs-leningskema

Skakel vir Marina Louw by 018 299 2193 of e-pos [marina.louw@nwu.ac.za](mailto:marina.louw@nwu.ac.za)

### Funza Lushaka-onderwysbeurse

Skakel Triens Jacobs by 018 299 2189 of e-pos [triens.jacobs@nwu.ac.za](mailto:triens.jacobs@nwu.ac.za)

### Aansoeke en navrae om beurse en studielenings kan gerig word aan:

Die Hoof: Finansiële Steundienste (FSD), Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Tel: 018 299 4245 of 299 2189

Faks: 018 299 2194

E-pos: [ronel.vorster@nwu.ac.za](mailto:ronel.vorster@nwu.ac.za)

Web: [www.puk.ac.za/finansteyn/](http://www.puk.ac.za/finansteyn/)

## BETAALBARE gelde en FINANSIËLE reëls

### Inleiding

Die voorgeskrewe aansoekgeld, losiesdeposito, klas- en losiesgeld word jaarliks hersien en word volledig in die amptelike dokument getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls" uiteengesit.

### Skakel gerus Finansiële Administrasie: Inkomste vir die verkryging van hierdie dokument by:

Tel: 018 299 2662/8/9/2670/1 of 018 299 4050/425

Faks: 018 293 5230/4, 293 5252/5 of 018 293 5313/4/5

E-pos: [alet.smith@nwu.ac.za](mailto:alet.smith@nwu.ac.za) [isaac.mathiba@nwu.ac.za](mailto:isaac.mathiba@nwu.ac.za)

[kitty.jacobs@nwu.ac.za](mailto:kitty.jacobs@nwu.ac.za) [wagner.leana@nwu.ac.za](mailto:wagner.leana@nwu.ac.za)

[yolanda.vanwyk@nwu.ac.za](mailto:yolanda.vanwyk@nwu.ac.za) [suzanne.pretorius@nwu.ac.za](mailto:suzanne.pretorius@nwu.ac.za)

### Aansoekgeld en losiesdeposito

Die aansoekvorm om voorlopige toelating tot die Universiteit sal nie sonder die nodige bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld en losiesdeposito vir evaluering deur die Universiteit aanvaar word nie. Indien jy die aansoekvorm en aansoekgeld (tjeks/posorders uitmaak aan die NWU) wil pos, rig dit asseblief aan die posadres voor op die aansoekvorm.

Die volledige lys van klasgelde vir modules en kwalifikasies is beskikbaar tydens registrasie in die betaalsaal van die Joon van Rooy-gebou of op die universiteit se webwerf by [www.nwu.ac.za/gelde](http://www.nwu.ac.za/gelde). Die modulesamestelling is bepalend vir die presiese klasgeldbedrag per jaar.

'n Gemiddelde berekende raming wat onderhewig is aan aanpassing en goedkeuring van die Raad, word per kwalifikasie vir 2011 hieronder uiteengesit.

Hierdie is nie 'n volledige lys van alle kwalifikasies nie, maar enkele algemene grade:

Program	Per jaar
BA	R16 730
BA (Kommunikasie)	R17 780
BA (Musiek)	R25 640
BA (Maatskaplike werk)	R20 920
BA (Grafiese ontwerp)	R17 890
BPharm	R23 130
BCom (Bestuursrekeningkunde)	R23 380
BCom (Rekeningkunde en Informatika)	R20 640
BCom (Regte)	R24 920
BIng	R26 100
BCur	R19 560
BSc (Aktuariële Wetenskappe)	R23 660
BSc (Verbruikerswetenskappe)	R23 450
LLB	R19 720
BTh	R15 900
Universiteitsdiploma in Sportkunde	R12 980
Honneurs	R12 080
BEd (Grondslagfase)	R18 410
BEd (Int. en Snr.) of BEd (Snr. en VOO)	R16 340
BEd (Honneurs) per jaar vir 2 jaar	R6 290

Volgens 'n Raadsbesluit geskied die bepaling van klasgeldtariewe per module. Die tarief per module word volledig in die amptelike dokument getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls" en/of aanhangsels daarby uiteengesit. Die modulesamestelling (getal modules en aard van die modules) is dus bepalend vir die presiese klasgeldbedrag per jaar.



**Meer as 'n duisend internasionale sportsterre stroom jaarliks na Potchefstroom om gebruik te maak van die universiteit se uitstekende sportgeriewe.**

## Losiesgeld

Die **beraamde** losiesgeld vir mans- en dameskoshuise per jaar vir 2011 word hieronder as 'n riglyn uiteengesit maar is onderhewig aan aanpassing en goedkeuring van die Raad.

### Mans- en Dameskoshuise (per jaar)

Caput	R12 490	Minjonet	R12 490
Excelsior	R12 490	Oosterhof	R12 490
Heide	R12 490	Over de Voor	R12 490
Hombre	R12 490	Patria	R12 490
Karliën	R12 490	Vergeet-my-Nie	R12 490
Kasteel	R12 490	Veritas	R12 490
Klawerhof	R12 490	Wag-'n-Bietjie	R12 490
Kom-en-Gaan	R12 490	Wanda	R12 490

### Mans- en Dameskoshuise – Enkelkamers (per jaar)

De Wilgers	R12 950	Ratau	R12 950
Eikenhof	R12 950	Republiek	R12 950
Laureus	R12 950		

### Oppirif (per jaar)

Kamers	R14 065	Selfsorg-eenhede	R19 965
--------	---------	------------------	---------

Die bedrae sluit die aansoekgelde om koshuisinwoning van R500 in, asook die R1 000 ter bevestiging van die koshuisinwoning in die geval van eerstejaarsstudente. Die R1 500, of R500 in die geval van senior studente, word as 'n losiesdeposito op u rekeningstate aangedui en

**Navorsing bewys dat 82% van NWU-Pukstudente kreatief in die werkplek kan dink!**

sal aan die einde van Maart oorgeplaas word as krediet op u klas- en losiesgeldrekening.

Die tariewe word volledig in die amptelike dokument getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls" uiteengesit. Die nuutste dokument is ook op die web by [www.nwu.ac.za/gelde](http://www.nwu.ac.za/gelde) beskikbaar.

### Etegeld

Etes word op 'n streng kontantbasis by die Universiteit hanteer. Dit beteken dus dat u slegs dit wat u op u eterekening inbetaal, beskikbaar het; geen krediet word dus meer vir etes verleen nie! Etes, bereken teen R65 per dag vir 170 dae, beloop ongeveer R 11 050 per jaar, of R1 300 per maand.

Etes in koshuiseetsale kan slegs deur middel van die universiteitskaart genuttig word. Studente betaal slegs vir etes wat wel geneem word. Etes en snoeperye kan ook in die kafeteria deur middel van die universiteitskaart aangekoop word. Behalwe vir etes, mag daar net kampus-goedgekeurde items op die universiteitskaart gekoop word, soos bv. PUK-dagboeke, PUK-rugbytruie, eerstejaarsdineekaartjies of toegangskaartjies na goedgekeurde studentefunksies.

### Etegeld-betalingsopsies

'n Direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling kan gemaak word in enigen van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by ABSA Bank, Eerste Nasionale Bank, Nedbank of Standard Bank. By ABSA se Rekeningbetalings, ENB se Public Recipients, Nedbank se Bank-approved beneficiaries of Standard Bank se Companies moet die rekeningnaam "NWU VENDING" vanuit u bank se lys van begunstigdes gekies word.

Slegs die 8-syfer-universiteitsnommer sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Die onderskeie rekeningnommers, wat verskil van die NWU STUDENT-rekeningnommers hier bo genoem, is: ABSA 40-7010-0351, ENB 6216-191-6849, Nedbank 1713-378-558 en Standard Bank 33-038-243-8.

NWU VENDING is dus uitsluitlik vir die kontant etestelsel bedoel terwyl NWU STUDENT vir klas-, losies en ander geld bedoel is.

### Kassiere op kampus

Gelde kan van 08:00 tot 15:30 op weksdae by die kassier in die Joon van Rooy-gebou inbetaal word.

### Registrasiegeld

Die onderstaande **beraamde** bedrae is tydens registrasie in Januarie/Februarie betaalbaar maar is onderhewig aan aanpassing en goedkeuring van die Raad.

	Koshuis	Dorp	Deeltyds
Registrasiegelde	R950	R950	R950
Addisionele registrasiegelde (Dorpskoshuisrade)	–	R50	–
Eerste betaling op klasgeld	R4 100	R4 100	R4 100
Eerste betaling op losiesgeld	R3 900	–	–
Etes tydens O&B* (Verpligtend vir koshuiseerstejaars)	R700	–	–
Verpligte betaling	R9 650	R5 100	R5 050
Aanbevole inbetaling vir etes (Februarie en Maart 2011)**	R1 950	R1 950	–
<b>Totaal</b>	<b>R11 600</b>	<b>R7 050</b>	<b>R5 050</b>

\* Ontvangs- en Bekendstellingsprogram vir eerstejaarstudente.

\*\* Sien Etegeld hier naas.

### Betaling van gelde

Klas- en losiesgeld is betaalbaar in maandelikse paaiemente, soos aangedui op die rekeningstate, binne dertig dae na rekeningdatum, met 'n finale betaling ter volle vereffening op 31 Julie jaarliks. Ander gelde is streng betaalbaar binne dertig dae na rekeningdatum.

Die losiesdeposito word jaarliks gedurende Maart van die betrokke studiejaar teen die student se klas- en losiesgeldrekening gekrediteer.

Indien 'n student se studies deur middel van 'n beurs of lening gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie voorgelê word. Die skriftelike bewys moet 'n uiteensetting gee van dit waarvoor die beurs- of leningsbedrae aangewend mag word, asook wanneer die uitbetaling daarvan sal geskied. As u dus van 'n beurs of lening gebruik maak om u studies te finansier, moet u reeds vroeëtydig by die betrokke instansie aansoek doen.

## Studentevoorigtingsdiens (SVD)

Talle studente betree deesdae die wêreld van studie met ontoreikende kennis van die beroepswêreld en die werksituasie. Die Studentevoorigtingsdiens is amptelik die ondersteuningsdepartement van die Noordwes-Universiteit wat met behulp van sielkundige toetse, skoolkinders vanaf graad 7-12 op 'n wetenskaplike wyse help om verantwoordelike keuses te maak en besluite te neem ten opsigte van:

- Beroeps- en kursuskeuse; en
- Realisering van potensiaal.

Studente word ook tydens die ontvangs- en bekendstellingsprogram getoets of hulle in die regte studierigting studeer. Skakel die Studentevoorigtingsdiens by 018 299 2891.

## ALGEMENE navrae

### Potchefstroomkampus

Skakel of skryf gerus aan:

Departement Bemarking en Kommunikasie (Potchefstroomkampus),  
Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520.

Tel: 018 299 2772, faks: 018 299 2767, e-pos: [navrae@nwu.ac.za](mailto:navrae@nwu.ac.za)



### Mafikengkampus

Skakel of skryf gerus aan:  
Departement Bemaking en Kommunikasie (Mafikengkampus),  
Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735.  
Tel: 018 389 2252, faks: 018 392 5775,  
e-pos: tshepi.molemane@nwu.ac.za

### Vaaldriehoekkampus

Skakel of skryf gerus aan:  
Departement Bemaking en Kommunikasie (Vaaldriehoekkampus)  
Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900.  
Tel: 016 910 3111, faks: 016 910 3171, e-pos: vaal@nwu.ac.za



**89% van studente van die NWU-Puk kan analities en logies dink in die werkplek.**

## TOELATINGS-vereistes

Aan die einde van 2008 is die Nasionale Senior Sertifikaat (NSC), wat matriek vervang, vir die eerste keer uitgereik.

Dit bepaal dat 'n leerder sewe vakke moet slaag. Vier van die vakke is verpligte vakke: Een amptelike taal op die vlak van Huistaal en een taal as Eerste Addisionele Taal, Lewensoriëntering, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid en drie verdere keusevakke.

Die minimum toelatingsvereiste vir graadstudie by enige universiteit (die ou matriekvrystelling, nou genoem universiteitstoelating), is 'n prestasievlak van 4 (50-59%) nodig in minstens vier vakke uit die aangewysde groep vakke (sien lys).

### Aangewysde vaklys vir Universiteitstoelating

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Fisiese Wetenskappe
- Geografie
- Geskiedenis
- Godsdiensstudie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Inligtingstechnologie
- Landbouwetenskap
- Lewenswetenskappe
- Musiek
- Rekeningkunde
- Tale (een taal van leer en onderrig soos by 'n instansie vir hoër onderwys gebruik)
- Verbruikerstudie
- Visuele Kunste
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid

Jy benodig minstens vier (4) vakke uit die lys hierbo op vlak 4 (50-59%). Tweedens moet jy voldoen aan die APS-telling en toelatingsvereistes vir die betrokke studierigting.

### Bepaling van die APS-telling

- Die prestasie behaal in ses vakke word gebruik om die APS-telling te bereken. Vier van die vakke kom uit die aangewysde lys (soos benodig vir universiteitstoelating). Indien die ander twee vakke nie uit die lys kom nie (dus uit die gewone NSC-vaklys) word dit in berekening gebring.
- Die APS-punt behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring by die berekening van die APS-telling nie, maar om 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSC) te behaal, moet 'n leerder 'n skaalpunt van 3 in Lewensoriëntering verwerf.
- Vir die Potchefstroomkampus van die NWU, word die volgende taalvereiste gestel: 'n Slaagsyfer van vlak 4 (50-59%) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak.
- Die spesifieke vakvereistes kan in die volledige Studieinligtingsgids gesien word.
- Om meer inligting te bekom oor voorwaardelike universiteitstoelating, skakel 012 481 2921 of besoek [www.sauvca.org.za](http://www.sauvca.org.za)

[www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)  
[www.nwumobi.mobi](http://www.nwumobi.mobi)



90% van NWU-Pukstudente se akademiese opleiding berei hul uitstekend voor vir die beroepswêreld.



Die volgende keuringstabel word gebruik vir die bepaling van die APS-telling:

**Keuringstabel vir die bepaling van APS:**  
(Omskakeling van skoolvakke se simbole)

NSC-vlak	APS-telling
7 (80-100%)	7
6 (70-79%)	6
5 (60-69%)	5
4 (50-59%)	4
3 (40-49%)	3
2 (30-39%)	2
1 (0-29%)	1

**Voorbeeld van hoe om jou APS-telling te bepaal.**

(Hierdie is slegs 'n voorbeeld. Pas jou eie vakke en punte volgens die voorbeeld toe.)

Afrikaans Huistaal (uit aangewysde lys)	6
Engels Eerste Addisionele Taal (uit aangewysde lys)	4
Wiskunde (uit aangewysde lys)	7
Fisiese Wetenskap (uit aangewysde lys)	6
Ingenieursgrafika (uit aangewysde lys)	6
Rekenaartoepassingstechnologie (NSC-vak)	<u>5</u>
<b>APS-telling</b>	<b>34</b>

Vergelyk dit nou met die vereistes in dié studietoelatinggids om te sien of jy kwalifiseer vir toelating.

## Fakulteit INGENIEURSWESE

Ingenieurswese verwys na die ontwerp, konstruksie en bedryf van produkte, prosesse of stelsels wat die fisiese wêreld rondom ons transformeer, optimeer en innoveer ten einde sekere geïdentifiseerde behoeftes te bevredig.

Ingenieurs bestudeer wiskunde en wetenskap en gebruik dit om probleme van praktiese belang op te los, tipies deur 'n proses wat bekend staan as kreatiewe sintese of ontwerp. Ingenieurs is lede van 'n professie en is verantwoordelik vir die oordeelkundige toepassing van hul kennis vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling en voorspoed van die mensdom.

Alhoewel ingenieurswese as professie sy oorsprong in die vroegste ontwikkeling van die mensdom het, is dit eers in die middel van die negentiende eeu gevestig as 'n geleerde professie. Met die toenemende invloed van tegnologie, en die behoefte na innovasie en ontwikkeling in ons samelewing speel ingenieurs 'n kardinale rol ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Uitstekende werksgeleenthede bestaan vir ingenieurs in feitlik alle sektore van die ekonomie, beide plaaslik en oorsee.

### Die werksgeleenthede vir 'n ingenieur is talryk:

- Entrepreneuriese raadgewende of vervaardigingspraktik
- Akademikus aan 'n universiteit
- Navorsers by 'n universiteit
- Ontwerpingenieur
- Projekingenieur
- Produksieingenieur
- Instandhoudingsingenieur
- Bestuurder van 'n maatskappy op die hoogste vlak

Alle BIng-grade wat deur die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus aangebied word, word deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSCA) as kwalifiserende grade vir registrasie as Professionele Ingenieur erken. Aangesien ECSCA mede ondertekenaar van 'n aantal internasionale ooreenkomste is, word die BIng-grade wat deur die Fakulteit toegeken word ook internasionaal in die VK, VSA, Ierland, Australië en Nieu-Seeland erken.



Die volgende BIng-graadprogramme word deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied:

- Chemiese Ingenieurswese;
- Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in mineraalprosessering;
- Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese;
- Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese; en
- Meganiese Ingenieurswese.

Uitstekende werksgeleenthede bestaan vir ingenieurs in feitlik alle sektore van die ekonomie, beide plaaslik en oorsee.

### Algemene inligting

Die Fakulteit Ingenieurswese bestaan uit drie (3) voorgraadse skole wat die volgende rigtings in Ingenieurswese aanbied:

#### Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese

- **Chemiese Ingenieurswese**  
(Programkode: 7001051: I101P)
- **Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in Mineraalprosessering**  
(Programkode: 7001051: I102P)

#### Skool vir Elektriese, Elektroniese en Rekenaringenieurswese

- **Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese**  
(Programkode: 7001071: I201P)
- **Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese**  
(Programkode: 7001071: I202P)

#### Skool vir Meganiese Ingenieurswese

- **Meganiese Ingenieurswese**  
(Programkode: 7001091: I301P)

### Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat (NSC) met universiteitstoelating;
- Wiskunde geslaag met ten minste vlak 6 (70%);



- Fisiese Wetenskappe geslaag met ten minste vlak 5 (60%);
- 'n APS-telling van minstens 31; en
- Voornemende studente, wat nie aan die toelatingsvereistes vir BIng-programme voldoen nie, skryf vir Jaarvlak 1 in vir 'n BSC-program by die Fakulteit Natuurwetenskappe, met die toepaslike vakke soos o.a. Wiskunde, Fisika, Chemie, Toegepaste Wiskunde, ens. Aan die einde van sy/haar eerste jaar kan daar weer aansoek gedoen word vir toelating tot 'n program wat by die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word. Toelating is onderhevig aan prestasie en dat alle modules van die eerste jaar geslaag is.

### Wyse van aanbieding en duur van die program

Die program word voltyds aangebied en strek oor vier (4) jaar. Die minimum voltydse studietydperk vir die graad is vier (4) jaar en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is ses (6) jaar. Die program bied toelating tot nagraadse studie vir die graad MIng. Die minimum tydperk vir die voltooiing van 'n meestersgraad is een (1) jaar en die maksimum tydperk is drie (3) jaar.

Meestersgraadstudie vereis een van die volgende drie moontlikhede:

- 'n Verhandeling en die verpligte module in Navorsingsmetodiek;
- 'n Verhandeling, plus vyf (5) gekose modules uit 'n voorgeskrewe lys, asook die verpligte module in Navorsingsmetodiek; en
- 'n Skripsie, plus agt (8) gekose modules uit 'n voorgeskrewe lys, asook die verpligte module in Navorsingsmetodiek.

'n Doktorsgraadprogram met 'n minimum duur van twee jaar word ook aangebied. Doktorsgraadstudie bestaan uit 'n proefskrif gebaseer op oorspronklike navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp binne die fakulteit se Navorsingsfokusareas: Energiestelsels, Skeidingswetenskap en -tegnologie.





### **Kurrikula**

Die kurrikulum vir die eerste studiejaar bestaan hoofsaaklik uit basiese natuurwetenskapvakke soos Chemie, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika. Rekenaarprogrammering en inleidende ingenieurswesevakke word ook aangebied. In die tweede studiejaar word meer ingenieurswesevakke aangebied tesame met geselekteerde natuurwetenskapvakke, wat verskil vir die onderskeie rigtings.

**Die kurrikula vir die derde en vierde studiejaar bestaan hoofsaaklik uit:** Ingenieurswetenskapvakke met enkele natuurwetenskap- en bestuursvakke. In die finale jaar val die klem op ontwerp en sintese.

### **Keuring**

Al voldoen 'n voornemende eerstejaar aan die akademiese vereistes vir toelating tot Ingenieurswese (APS-telling van 31 met minstens 70% vir Wiskunde en 60% vir Fisiese Wetenskap), moet hy of sy steeds 'n toelatingstoets aflê. Die toets word gebruik om die student se aansoek, saam met sy of haar graad 12-uitslae, te evalueer vir toelating. Soos by alle akademiese instellings is daar beperkte aantal plekke in die verskillende programme beskikbaar en dus sal die beste kandidate uit 'n groep aansoekers gekies word. Indien 'n voornemende eerstejaar gekeur word, is dit steeds onderhewig aan die kandidaat se finale graad 12-uitslae. 'n Afspraak vir die afneem van die toets moet voor 30 Junie gemaak word by die onderstaande kontakbesonderhede.

### **Navrae:**

Sonette Becker

Tel: 018 288 1547

E-pos: [sonette.becker@nwu.ac.za](mailto:sonette.becker@nwu.ac.za)

# Chemiese Ingenieurswese

(Programkode: 7001051: I101P)

Chemiese Ingenieurswese behels die navorsing, ontwikkeling, konstruksie, bedryf en bestuur van industriële prosesse waarby grondstowwe deur middel van chemiese of fisiese veranderinge tot produkte met 'n hoër ekonomiese waarde verwerk word. Hierdie prosesse bestaan op die gebiede van plastiek, kunsvesels, olieraffineerders, plofstowwe, voedselverwerking, misstowwe, farmaseutiese middels en kerninstallasies. Die moderne chemiese ingenieur kan by enige stadium vanaf die aanvang van 'n proses tot by die verkoop van die finale produk betrokke wees.

## Navrae:

Tel: 018 299 1656

E-pos: [sanet.botes@nwu.ac.za](mailto:sanet.botes@nwu.ac.za)

E-pos: [karle.leroux@nwu.ac.za](mailto:karle.leroux@nwu.ac.za)



## Chemiese Ingenieurswese met spesialisering in Mineraalprosessering

(Programkode: 7001051: I102P)

Mineraalprosesseringsingenieurswese is 'n spesialiseringsrigting in Chemiese Ingenieurswese en dek die fisiese en chemiese prosesse waardeur veral metale uit ertse herwin word. Die nywerhede bied werkseleenthede aan mineraalingenieurs in 'n wye verskeidenheid vertakkings van die beroep. Dit sluit in navorsing en ontwikkeling, ekonomiese evaluering, ontwerp, die vervaardiging van toerusting, die konstruksie en inbedryfstelling van aanlegte, aanlegbediening, verkope van produkte en dienslewering. Mineraalingenieurs (ekstraktiewe metallurge) word hoofsaaklik in diens geneem deur die mynmaatskappye wat Suid-Afrika se minerale ontgin. Ander maatskappye wat myne bedryf, soos Mittal Steel en SASOL, neem ook mineraalingenieurs in diens.

Navrae:

Tel: 018 299 1656

E-pos: sanet.botes@nwu.ac.za

E-pos: karle.leroux@nwu.ac.za

## Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

(Programkode: 7001071: I201P)

Elektriese ingenieurs is hoofsaaklik betrokke by die opwekking, beheer, verspreiding, kondisionering en aanwending van elektriese energie.

Dit behels die ontwerp, vervaardiging, inbedryfstelling en instandhouding van elektriese stelsels. Omdat nuwe komponente en metodes voortdurend ontwikkel word, word daar klem gelê op die vernuwing en verbetering van bestaande tegnieke en toerusting.

Die elektroniese ingenieur is hoofsaaklik betrokke by die ontwikkeling van mikro-elektroniese stroombane sowel as beheer- en kommunikasiestelsels, wat weer op hulle beurt wye toepassing in al die vertakkings van die elektroniese en elektriese ingenieurswese vind.

Mikroverwerkers en syferelektroniese stelsels vorm deesdae die kern van die meeste elektriese en elektroniese toerusting in die nywerhede, die verbruikersmark, die mediese veld, telekommunikasie, prosesbeheer, kragverspreidingstelsels en avionika, asook in spesialis-aanwendings soos kunsmatige intelligensiestelsels.

Navrae:

Tel: 018 299 1978

E-pos: louise.cilliers@nwu.ac.za

E-pos: karle.leroux@nwu.ac.za

## Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese

(Programkode: 7001071: I202P)

Die rekenaaringenieur is hoofsaaklik betrokke by die ontwikkeling van sagteware en elektroniese stelsels vir aanwending in syferrekenaarstelsels, wat weer op hulle beurt wye toepassings in al die vertakkings van ingenieurswese vind.

Mikroverwerkers en syferelektroniese stelsels vorm deesdae die kern van die meeste elektriese en elektroniese toerusting in die nywerheid, verbruikersmark, die mediese veld, telekommunikasie, prosesbeheer, kragverspreidingstelsels, vervoerstelsels, avionika en in spesialis-aanwending soos kunsmatige intelligensiestelsels wat al hoe meer algemeen word.

Rekenaar- en elektroniese ingenieurs word in alle vertakkings van die nywerheid benodig en het gewoonlik die keuse of hulle aanvanklik meer by suiwer ingenieursontwikkeling of by ingenieursbestuur betrokke wil

raak. In beide gevalle is hulle gewoonlik ook verantwoordelik vir die bestuur van projekte en die bedryf van nywerheidsinstallasies.

Hulle breë teoretiese agtergrond is in feitlik elke vertakking van die ingenieurspraktyk noodsaaklik om te verseker dat stelsels so goed moontlik ontwerp en bedryf word.

**Navrae:**

Tel: 018 299 1978

E-pos: [louise.cilliers@nwu.ac.za](mailto:louise.cilliers@nwu.ac.za)

E-pos: [karle.leroux@nwu.ac.za](mailto:karle.leroux@nwu.ac.za)

## Meganiese Ingenieurswese

(Programkode: 7001091: I301P)

Die meganiese ingenieur is betrokke by die ontwikkeling, ontwerp, bedryf en instandhouding van energie-omsettingstelsels, vervoerstelsels, vervaardigingstelsels en nywerheidsinstallasies. Vanweë die klem wat vandag op nywerheidsontwikkeling gelê word, neem die meganiese ingenieur se rol in belangrikheid toe.

Meganiese ingenieurs kan in die volgende sektore in diens geneem word: Lugvaart, kern- en konvensionele kragvoorsiening, mynbou, die wapenbedryf, vervoer, skeepsbou, metaal- en vervaardigingsbedrywe, swaar nywerhede en navorsingsinstansies asook by raadgevende ingenieursfirms wat hoëtegnologieprojekte namens hul kliënte behartig. Dié opleiding sal die student by uitstek in staat stel om as entrepreneur 'n eie onderneming te begin.

**Navrae:**

Tel: 018 299 1316

E-pos: [lorina.leroux@nwu.ac.za](mailto:lorina.leroux@nwu.ac.za)

E-pos: [karle.leroux@nwu.ac.za](mailto:karle.leroux@nwu.ac.za)

## Nagraadse Skool vir Kernwetenskap en -ingenieurswese

Die Noordwes-Universiteit is die eerste universiteit in Suid-Afrika waarvan daar 'n leerstoel in kerningenieurswese toegeken is. Die skool bied twee nagraadse programme in kerningenieurswese, naamlik 'n MIng en 'n MSc in Kerningenieurswese. Inleidende modules vergemaklik die oorgang vanaf toepaslike BIng-grade. Studente wat 'n BIng in Chemie Ingenieurswese of Meganiese Ingenieurswese verwerf het, kan aansoek doen om vrystelling van hierdie inleidende modules.

Die programme word oor twee jaar (voltyds) of drie jaar (deelyds) aangebied, en verleen toegang tot PhD-studie in Kerningenieurswese. Die Noordwes-Universiteit (NWU) is reeds 'n geruime tyd betrokke by navorsing op hierdie gebied, met die oog op die uitbreiding van Suid-Afrika se kernkrag-opwekkingsvermoë. Deur hierdie programme bied die NWU aan studente die geleentheid om betrokke te raak by nuwe kernkragprojekte in SA, soos bv. die ontwikkeling van die korrelbed- modulêre reaktor (PBMR) en die bou van nuwe konvensionele kernkragstasies.

Meer inligting oor die kursusinhoud is beskikbaar in die nagraadse jaarboek van die Fakulteit Ingenieurswese. Verskeie beurse is beskikbaar vir voltydse nagraadse studente.

**Navrae:**

Prof. Johan Fick – Tel: 018 299 4363

Lilian van Wyk – Tel: 018 299 4363

E-pos: [lilian.vanwyk@nwu.ac.za](mailto:lilian.vanwyk@nwu.ac.za)

## NWU-Puk- Ingenieurskole

Word 'n Puk vir 'n ruk en kom kyk hoeveel pret ingenieurswese kan wees. Die Ingenieurskool kan jou help om 'n ingeligte en deurdagte besluit te neem. Tydens die Ingenieurskool word voornemende studente volledig ingelig oor alle aspekte van Ingenieurswese as beroep.

Ingenieurskole word elke April- en Junievakansie aangebied. Besoek gerus ons webblad vir meer besonderhede, datums en aanlynregistrasie by: [www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)

### Navrae:

Tel : 018 299 1985

E-pos: [samantha.gonsalves@nwu.ac.za](mailto:samantha.gonsalves@nwu.ac.za)

E-pos: [karle.leroux@nwu.ac.za](mailto:karle.leroux@nwu.ac.za)



# NWU-PUKKE, waar ons **GRAADKRY** met **LEKKERKRY** klaarkry



- Beroepsgerigte opleiding
- Internasionaal erkende grade
- Afrikaans (Potchefstroomkampus)
- Studentestad
- Veilige Kampus

Tel: 018 299 2772  
navrae@nwu.ac.za  
www.nwu.ac.za

Innovasie deur diversiteit



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
**POTCHEFSTROOMKAMPUS**